

14 November

Skrifgedeelte: Handeling 2:43-47 (NAV)
Fokusgedeelte: Handeling 2:44 (NAV)

Om in die Here alles met mekaar te deel

Waar die Here die fokus van die gelowige is en ook die fokus van die kerk, verdwyn selfgesentreerdheid en ontstaan daar 'n diep eensgesindheid onder lidmate.

Dit klink byna ondenkbaar dat mense alles verkoop en alles met mekaar deel. Ja, dit klink na die ideale bedeling! Ons hoor hoe dit ook vandag gepropageer word as dié oplossing vir moeilike maatskaplike probleme. Dit mag egter nooit die middel tot 'n doel word nie.

My motivering as kind van my Hemelse Vader moet altyd wees om Hom met volle oorgawe te dien en dit dan prakties uit te leef in die bediening van die Christelike liefde teenoor my naaste. Dit begin in 'n mens se hart en dan loop dit uit op die bediening van liefde aan jou broers en susters in die gemeente.

Ook vandag verwag die Here van ons onvoorwaardelike liefdesbetoon. Dit maak nie saak of jy arm of ryk is nie, jy kan die Here se liefde aan jou medemens bedien. Besoek vandag iemand wat siek is of neem 'n bord kos na iemand toe wat baie honger is. Vat jou vriendin wat in die hospitaal is, se kinders skool toe. As jy liefde bewys, dan nie met bybedoelings of vertonerigheid nie, maar in nederigheid, sonder om iets terug te verwag.

Ons behoort mekaar in ag te neem en saam te neem op die pad van diens aan die Here – want wat myne is, is joune en wat joune is, is myne, omdat ons aan die Here behoort en dit wat ons het, is ook syne: “Alles behoort aan julle: of dit Paulus of Apollos en Sefas of die wêreld of lewe of dood of hede of toekoms is, alles behoort aan julle, *maar julle behoort aan Christus en Christus aan God*” (1 Kor. 3:21b-23).

Sing: Skrifberyming 9-3:2 (wysie Psalm 25)

Ds. AH Steyn (Lydenburg)